

312/91

/mb

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

LAND- EN LANDBOUBANK VAN SUID-AFRIKA APPELLANT

en

JEAN JACQUES ROSSEAU NO RESPONDENT

CORAM : HOEXTER, KUMLEBEN, F H GROSSKOPF,
VAN DEN HEEVER ARR et VAN COLLER WnAR

VERHOORDATUM : 12 NOVEMBER 1992

LEWERINGSDATUM: 27 NOVEMBER 1992

U I T S P R A A K

KUMLEBEN AR/...

KUMLEBEN AR:

Die respondent, in sy hoedanigheid as voorlopige likwidaatour van die Carnarvonse Vleisproduseerders Koöperatiewe Maatskappy Beperk ("die Maatskappy"), het die appellant ("die Bank") in die Noord-Kaapse Afdeling van die Hooggeregshof by wyse van kennisgewing van mosie aangespreek. Die aangevraagde regshulp was in hoofsaak dat die Bank gelas word om die respondent in besit te plaas van al die roerende en onroerende bates van die Maatskappy.

Die feite wat tot hierdie aansoek aanleiding gegee het, is gemene saak. Die Maatskappy is 'n "koöperatiewe maatskappy" soos omskryf in a 2 van die Landbankwet, no 13 van 1944 ("die Wet"). Die partye is dit eens dat dit ook 'n "maatskappy" is waarop a 63 van die Wet, waarna later verwys sal word, van toepassing is. Die Bank het bedrae aan die Maatskappy

voorgesket wat verskuldig en opeisbaar geword het. Betaling daarvan was egter nie verseker deur enige vorm van spesiale verhipotekering van bates van die Maatskappy nie. Een of meer van die omstandighede wat kan lei tot die inwerkingtreding van a 63 van die Wet het ontstaan. Die Bank se prokureurs het, met 'n beroep op die bepalinge van a 63, en na al die voorvereistes vir optrede ingevolge hierdie artikel nagekom is, die Maatskappy in kennis gestel dat die Bank op alle bates van die Maatskappy beslag lê. Die daad is by die woord gevoeg. 'n Plaaslike prokureur te Carnarvon het namens die Bank die besigheidspersone van die Maatskappy betree en al sy bates in beslag geneem. Kennisgewings te dien effekte is prominent aan die buitekant van die geboue aangebring. Die deure daarvan is toegesluit as gevolg waarvan die Maatskappy nie meer handel kon dryf nie. Dit het 'n aansoek vir die likwidasie van die

Maatskappy tot gevolg gehad. n Voorlopige likwidasiëbevel is toegestaan en die respondent is, soos reeds vermeld, as voorlopige likwidateur aangestel. Die Maatskappy is mettertyd finaal gelikwideer. Die hofbevel het die respondent uitdruklik gelas om n regsmering in te win aangaande die regsgeldigheid van die Bank se optrede ingevolge a 63. Vandaar die hofaanzoek wat die appellant bestry het. Die Hof (Erasmus R) het die applikant, die huidige respondent, gelyk gegee en n bevel soos aangevra met koste toegestaan. Met verlof van die hof a quo kom die Bank in hoër beroep teen hierdie bevel. Hoewel dit nie duidelik uit die stukke blyk of die Bank enige ander vorm van saaklike sekerheidstelling - buiten dié waarop a 63(1) mik - ten opsigte van die bates van die Maatskappy verkry het nie, het mnr Maritz, wat namens die appellant voor ons opgetree het,

saamgestem dat indien sy vertolking van a 63(1) verwerp word, die bevel van die hof a quo bekragtig behoort te word.

Die geskilpunt, een van noue omvang, is of a 63 (1) aan die Bank die reg verleen om alle bates van die Maatskappy in beslag te neem.

Die tersaaklike subartikels van a 63 lui soos volg:

"(1) Indien 'n maatskappy wat aan die bank geld skuld -

- (a) om een of ander rede ontbind word; of
- (b) verwyder word van die register van koöperatiewe maatskappye wat deur die registrateur gehou word; of
- (c) versuim om die voorwaardes van 'n voorskot deur die raad verstrek, na te kom; of
- (d) versuim om enige bedrag op die vervaldag te betaal; of

- (e) versuim om, wanneer hy ooreenkomstig sub-artikel (3) van artikel ses-en-dertig daartoe aangesê word, betaling aan die bank te doen; of
- (f) volgens die raad se oordeel opgehou het om besigheid te doen; of
- (g) vir 'n tydperk gestig was en daardie tydperk verstryk het,

kan die raad, na sewe dae kennisgewing per geregistreerde brief, gerig aan die maatskappy aan die adres in die boeke van die bank aangeteken, en na behoorlike kennisgewing aan die verbandnemers, sonder geregtelike proses enige van die bates of al die bates van die maatskappy wat spesiaal aan die bank verhipotekeer is, in beslag neem en by publieke veiling of uit die hand verkoop, en, in die volgorde wat die raad bepaal, een of meer van die bevoegdhede uit kragte van die in sub-artikel (1) van artikel agt-en-dertig bedoelde sessie aan hom verleen, uitoefen.

- (2) Indien iemand deur wie 'n bedrag ten opsigte van aanspreeklikheid weens ingeskrewe maar onbetaalde kapitaal of voorwaardelike aanspreeklikheid verbonde aan aandele, ingevolge die memorandum (as daar is) en akte van oprigting of regulasies van die maatskappy betaalbaar geword het, versuim om op skriftelike aansegging deur die raad,

daardie bedrag binne sewe dae na die datum van die aansegging te betaal, kan die raad, na kennisgewing aan die verbandnemers, en sonder geregtelike proses, deur die balju soveel van die roerende of onroerende goed van bedoelde persoon in beslag neem en verkoop as wat nodig mag blyk om die bedrag, met inbegrip van die koste in verband met die inbeslagneming en verkoping beloop, te dek.

- (3) Die raad moet, wanneer hy van die in hierdie artikel bepaalde regs middels gebruik maak, in elke geval roerende goed soos voormeld verkoop voordat hy tot die verkoping van onroerende goed oorgaan, en die bepalinge van paragraaf (c) van sub-artikel (2) van artikel vyf-en-vyftig, en van die voorbehoudsbepaling by daardie sub-artikel, is op aldus verkoopte onroerende goed van toepassing: Met dien verstande dat, indien aldus verkoopte eiendom nie spesiaal aan die bank verhipotekeer is nie, maar spesiaal aan iemand anders verhipotekeer is, of ten gunste van iemand anders onderhewig is aan 'n hipoteek van 'n vroeër datum as enige hipoteek ten gunste van die bank, die raad die opbrings van bedoelde verkoping (na aftrekking van alle koste deur die bank in verband daarmee beloop), of soveel daarvan as wat volgens die hipoteekakte aan bedoelde persoon verskuldig mag wees, aan hom moet betaal."

(Gerieflikheidshalwe ag ek "die raad" en "die Bank"

hierin sinoniem te wees.)

Ek haal ook aan, samevattend, die tersaaklike gedeeltes van die Engelse teks van die Wet, wat die ondertekende een is:

- "(1) If a company [is] indebted to the bank ... the board may ... seize and sell ... any or all of the company's assets which have been specially mortgaged to the bank
- (2) If any person, whose liability to pay any subscribed but unpaid capital or any contingent liability attaching to shares, has accrued ... fails ... to pay such amount ... the board may ... seize and sell through the sheriff so much of the immovable or movable property of such person as may appear to be necessary to make good the amount
- (3) The board in having recourse to the remedies provided by this section, shall, in every case sell as aforesaid movable property before selling immovable property.... Provided that, if any property so sold is not specially hypothecated to the bank, but is specially hypothecated to some other person, or is subject in favour of some other person to a hypothecation of a date prior to any hypothecation in favour of the bank, the board shall pay to such person the proceeds

of such sale (after deducting any costs incurred by the bank in connection therewith) or so much thereof as may be owing to that person under the deed of hypothecation."

Die antwoord op die vraag in geskil berus dus op die uitleg van die woorde ("die sleutelwoorde") wat ek in die twee tekste beklemtoon het.

Ter inleiding is dit dienstig om sekere bepalings van die Wet wat pertinent op die geskilpunt betrekking het, in oënskou te neem.

Artikel 38(1)(a) verleen aan 'n maatskappy die reg om, as sekuriteit vir 'n voorskot van die Bank, ondermeer 'n sessie aan die Bank toe te staan van die maatskappy se regte op betaling van die bedrag wat 'n aandeelhouer aan die maatskappy verskuldig is tot onbetaalde kapitaal en enige voorwaardelike aanspreeklikheid wat aan sy aandele verbonde is. In a 63(1) word twee verskillende regsmiddels ten gunste van die Bank geskep: eerstens, om bates van die

maatskappy sonder geregtelike proses in beslag te neem en van die hand te sit mits hulle aan die Bank "spesiaal verhipotekeer" is; en tweedens, om sy bevoegdhede kragtens 'n sessie ingevolge a 38(1) uit te oefen. Artikel 63(2) het betrekking op laasgenoemde regsmiddel. Daarvolgens verkry die Bank 'n reg tot parate eksekusie ten opsigte van roerende en onroerende goed van 'n aandeelhouer. Die substantiewe gedeelte van a 63(3), d w s, die woorde wat die voorbehoudsbepaling voorafgaan, het betrekking op die eksekusiebevoegdhede t o v albei regsmiddels: daarvolgens moet roerende goed voor onroerende goed verkoop word. Wat 'n voorbehoudsbepaling betref, het Botha AR in Strydom v Die Land- en Landboubank van Suid-Afrika 1972(1) SA 801(A) op 812G - H daarop gewys dat:

"n Voorbehoudsbepaling kan nie as 'n selfstandige

bepaling uitgelê word nie, maar in die lig van die substantiewe bepalings wat dit voorafgaan en wat laasgenoemde kwalifiseer of beperk. In In re Tabrisky: Ex parte The Board of Trade, 1947 Ch. 565, sê Lord Greene, M.R., op bl. 568 -

'It is common learning that the object of a proviso is to cut down or qualify something which has gone before.'

(Raadpleeg ook Mphosi v Central Board for Co-operative Insurance Ltd 1974(4) SA 633 (A) op 645 C.) Die voorbehoudsbepaling in subartikel (3) is egter nie een in die aldus omskrewe sin van die woord nie. Die doel daarvan is nie om die inhoud van subartikel (3), ofte wel dié van die twee vorige subartikels, te kwalifiseer of te beperk nie maar om die verdere en finale stap in die eksekusieproses te orden, te wete, die volgorde van uitkering van die verkoopte goed se opbrengs. Eerstens word bepaal dat waar sodanige goed nie aan die Bank spesiaal verhipotekeer is nie, maar wel aan n derde,

laasgenoemde voorkeur geniet. In die lig van die sleutelwoorde in a 63(1) kan hierdie bepaling alleenlik verwys na verkoopte goed wat voorheen aan 'n aandeelhouer behoort het. Tweedens word die beginsel qui prior est tempore potior est jure erken en toegepas waar die Bank en 'n derde 'n hipoteek oor goed van 'n maatskappy of 'n aandeelhouer (of miskien van albei) het.

Voor ons was die omvang van die sinsnede "spesiaal ... verhipotekeer is" bespreek. Dié woorde, of "spesiale hipoteek", word nie in die Wet omskryf nie. "Hipoteek" ("hypotheca") is 'n generiese term wat verskeie vorms van saaklike sekerheidstelling mag insluit. Soos Joubert AR, met verwysing na ons gemenereg, in Cooper NO en Andere v Die Meester en 'n Ander 1992 (3) SA 60 (A) 70 C - D aantoon:

"Na die resepsie van die Romeinse reg in die

Nederlande het die vernaamste indeling van verbande of hipoteke in provinsie Holland en Wes-Friesland uit twee groepe bestaan, nl bedonge of konvensionele verbande gebaseer op 'n uitdruklike verbandooreenkoms tussen verbandgewer en verbandhouer, en legale of stilswyende verbande (hypothecae legales/tacitae) wat van regsweë ontstaan.

Die Hollandse juriste het na 'n verband verwys as 'verband', 'hypothecq', 'onderzetting', 'hypotheca'. Soms het hulle dit selfs 'pignus' genoem wat baie verwarrend is omdat die verbandhouer anders as die pandhouer nie in besit van die beswaarde saak is nie."

In Van der Merwe Sakereg (2de uitgawe) 610 word die indelings waaronder die verskillende soorte hipoteke in die Romeins-Hollandse Reg val, uiteengesit. "Hypotheca" sluit ook in, soos alom bekend is, 'n spesiale verband oor onroerende eiendom en 'n spesiale of algemene notariële verband oor roerende eiendom. (Van der Merwe op cit 639 en 667; en vergelyk "special mortgage" soos omskryf in a 2 van die Insolvensiewet nr 24 van 1936.) Die betekenis van die woorde

"verhipotekeer is" ("mortgaged") en "spesiaal" in a 63(1) lê dus nie voor die hand nie. Die advokate het tentatief aangevoer dat die sleutelwoorde alleenlik op onroerende eiendom betrekking het, m a w, dat hulle slegs na 'n spesiale verband oor grond verwys. Daar is indicia wat hierdie vertolking weerspreek. Die woord "bates" in teenstelling met "onroerende goed" - 'n begrip wat in die twee daaropvolgende subartikels voorkom - dek ook roerende eiendom. En dit blyk duidelik uit a 62(1) gelees met a 62(2) dat die identiese sinsnede - "spesiaal aan die bank verhipotekeer is" - nie tot onroerende goed beperk is nie. Dit is egter, soos reeds genoem, gemene saak dat die Bank in die onderhawige geval hoegenaamd geen hipoteek van enige aard oor die bates van die Maatskappy het nie. In die lig van hierdie feit is onduidelikheid oor die bestek van die begrip "spesiaal

verhipotekeer" nie nou ter sake nie. (Vanselfsprekend baat dit die appellant nie om te betoog dat die sleutelwoorde net na onroerende goed verwys nie. Dit sou die beperking inherent in die sleutelwoorde net verder inkort.)

Mnr Maritz was dus verplig om aan te voer dat die Bank van die betrokke regsmiddel gebruik kan maak in die afwesigheid van enige hipoteek oor die bates van die Maatskappy. Hy moes egter erken dat die Engelse bewoording duidelik en ondubbelsinnig is. Na my mening is die sleutelwoorde in die Afrikaanse teks ewe eksplisiet. Maar hy het aan die hand gedoen dat ander bepalings in die Wet die afleiding regverdig dat die woorde van die wetgewer nie sy bedoeling weergee nie. In antwoord op 'n vraag van die hof, het mnr Maritz toegegee dat, volgens sy benadering, om uiting te gee aan die bedoeling van die wetgewer, die ter

saaklike deel van a 63(1) moes bepaal het dat die Bank enige van die bates van die maatskappy in beslag mag neem en verkoop "al is dit nie spesiaal aan die bank verhipotekeer nie" - die teenoorgestelde van wat uitdruklik gesê word. Die betoog kom dus hierop neer dat die beperking - "wat spesiaal aan die bank verhipotekeer is" - wat in wese die regs middel uitmaak, by uitleg deurgehaal moet word of as pro non scripto beskou moet word.

In Bhyat v Commissioner for Immigration 1932

AD 125 op 129 het hierdie hof die geïkete en grondliggende beginsel van wetsuitleg soos volg gestel:

"The cardinal rule of construction of a statute is to endeavour to arrive at the intention of the lawgiver from the language employed in the enactment. That is a trite statement of the law, but does not assist us to ascertain the intention when the language has made it obscure. Hence there has been evolved a number of subsidiary rules of construction, which are enunciated and applied in the decisions of our own Courts and in

those of Great Britain.... But there is undoubtedly an older and less qualified rule of construction and that is that in construing a provision of an Act of Parliament the plain meaning of its language must be adopted unless it leads to some absurdity, inconsistency, hardship or anomaly which from a consideration of the enactment as a whole a court of law is satisfied the Legislature could not have intended. 'The words of a statute never should in interpretation be added to or subtracted from, without almost a necessity': per Lord Bramwell in Cowper Essex v. Acton Local Board (14, A.C. 153, 169)."

Die beginsel is onlangs met verwysing na hierdie bepaalde Wet bevestig en herhaal in Land- en Landboubank van Suid-Afrika v Die Meester en Andere

1991(2) SA 761 (A) op 770 D - E:

"Die bewoording daarvan [a 34(3)(b) van die Wet] moet in die gewone, grammatikale betekenis daarvan verstaan word tensy dit uit die samehang van die Wet sou blyk dat so 'n vertolking aanleiding tot 'n absurditeit sou gee of tot 'n resultaat sou lei wat strydig met die bedoeling van die Wetgewer sou wees, in welke geval 'n hof bevoeg sou wees om van die gewone grammatikale betekenis van die bewoording af te wyk ten einde aan die duidelike bedoeling van die Wetgewer gevolg te gee."

Dit is skaars nodig om daarop te wys dat die letterlike betekenis van die sleutelwoorde tot geen absurditeit lei nie. Daar kan ook nie gesê word dat hulle nie 'n getroue weergawe van die Wetgewer se bedoeling is nie. Die bevoegdheid om sonder 'n geregtelike proses bates in beslag te neem en van die hand te sit, is in stryd met die gebruiklike prosedure aangaande uitwinning wat ter beskerming van die vonnisskuldenaar en ander belanghebbendes voorgeskryf word. (Vgl Land- en Landboubank van Suid-Afrika v Cogmanskloof Besproeiingsraad 1992(1) S.A. 217(A) 239 D - 240 F.) 'n Beperking op so 'n ingrypende reg van parate eksekusie sou derhalwe glad nie vreemd voorkom nie. Artikel 62(1), wat spesiale regsmiddels vir die verhaal van voorskotte aan koöperatiewe verenigings verstrek, lui:

"Ingeval die raad besluit om ten opsigte van 'n

voorskot aan 'n koöperatiewe vereniging verstrekk, gebruik te maak van die regsmiddels wat deur artikels vyf-en-vyftig en een-en-sestig aan hom verleen word, kan die raad, benewens genoemde regsmiddels, sonder geregtelike proses al die bates van die vereniging, of 'n deel daarvan, betree en in beslag neem en na kennisgewing by openbare veiling verkoop, al is dit nie spesiaal aan die bank verhipotekeer nie."

Die uitwinningsbevoegdheid in hierdie subartikel is soortgelyk aan dié in a 63(1) maar nie dieselfde nie.

In teenstelling met die sleutelwoorde wat in laasgenoemde subartikel voorkom, is die regsmiddel in a 62(1) nie aan enige beperking onderhewig nie.

Bespiegeling oor die rede vir hierdie verskil is onnodig. Wat egter soos 'n paal bo water staan, is dat die woorde "al is dit nie spesiaal aan die bank verhipotekeer nie" in die daaropvolgende artikel, a 63(1), nie herhaal word nie. Dit is, myns insiens, 'n dwingende aanduiding dat die sleutelwoorde met die werklike bedoeling van die wetgewer ooreenstem. Daar

bestaan dus nóg noodsaaklikheid nóg regverdiging daarvoor om deur middel van ander bepalings in die Wet - sommige waarvan in sekere opsigte onduidelik is - 'n ander betekenis aan hierdie woorde toe te dig.

Ek sal nietemin kortliks die betoë namens die appellant in oënskou neem.

Mnr Maritz het aan die hand gedoen dat die voorbehoudsbepaling in a 63(3) sy standpunt steun.

Sy betoog in dié verband, kan soos volg opgesom word:

(i) Ingevolge die Wet is die Bank nie by magte om 'n hipoteek oor die roerende of onroerende goed van 'n aandeelhouer te bekom nie. (ii) Die verwysing in die voorbehoudsbepaling na "aldus verkoopte eiendom" wat "nie spesiaal aan die bank verhipotekeer is nie" kan dus alleenlik op die maatskappy se eiendom betrekking hê. (iii) Die wetgewer het deur die pas aangehaalde woorde in die voorbehoudsbepaling te kenne gegee dat

bates van 'n maatskappy wat nie aan die Bank spesiaal verhipotekeer is nie, ook ingevolge a 63(1) aan beslaglegging en verkoping onderhewig is. (iv) Dit, so word aangevoer, is 'n aanduiding dat die sleutelwoorde nie met die werklike bedoeling van die wetgewer ooreenstem nie. Hierdie stellings en gevolgtrekking gaan net nie op nie. Allereers moet daarop gewys word dat die woorde in a 63(3) wat die voorbehoudsbepaling voorafgaan, heel duidelik na "die in hierdie artikel bepaalde regsmiddels" verwys, d w s dié wat deur beide a 63(1) en a 63(2) geskep word. Ek kan my nie voorstel dat die voorbehoudsbepaling wat daarop volg slegs na die regsmiddel in a 63(1) verwys nie. Verder is ek geensins daarvan oortuig dat premis (i) hierbo, waarop hierdie hele betoog berus, korrek is nie. Soos blyk uit a 21 van die Wet, is die hoofdoel en -besigheid van die Bank om geld aan sekere persone

en instansies voor te skiet "en in die algemeen ... die handelings te verrig wat aan die bank kragtens hierdie Wet of ander wetsbepalings bevoeg is om ... te verrig"

("and generally ... to do all such acts as the bank may by this Act or any other law be authorized to do").

Indien die Bank deur 'n sessie ingevolge a 38(1) 'n eis teen 'n aandeelhouer verkry, bestaan daar m i geen rede waarom die Bank nie ter versekering daarvan - voor of na aanmaning soos deur a 63(2) vereis - op 'n hipoteek van die betrokke aandeelhouer kan aandring en dit verkry nie. Mnr Maritz kon ons nie op enige bepaling in die Wet wys wat so 'n verbod bevat nie. Ek moet ook byvoeg dat al het hierdie stelling van die appellant meer om die lyf gehad, ek sou huiwer om die substantiewe bepaling, wat die regsmiddel tot stand bring, uit te lê met verwysing na 'n ondergeskikte voorskrif, waarin 'n aspek van die uitvoering daarvan

gereël word.

h Alternatiewe betoog namens die applikant, indien ek dit korrek begryp het, is die volgende: (i) die sleutelwoorde moet uitgelê word as verwysend na (a) "bates" (d w s roerende bates) van h maatskappy en (b) "al die bates" (d w s onroerende bates) van h maatskappy wat aan die Bank verhipotekeer is, m a w dat die genoemde beperking alleenlik vir onroerende goed geld; (ii) hierdie gevolgtrekking word bevestig deur die feit dat die Wet nie vir die verhipotekering van h maatskappy se roerende goed voorsiening maak of sodanige verhipotekering toelaat nie; (iii) a 63(1) plaas dus geen beletsel op die inbeslagneming van h maatskappy se roerende bates nie; (iv) die bevel van die hof a quo is foutief in soverre dit in effek die beslaglegging van roerende bates van die maatskappy nietig verklaar.

Die aanvanklike premis ((i) hierbo) is onhoudbaar. Mnr Maritz moes toegee dat die woorde in die ondertekende teks ("any or all of the company's assets") nie vir so 'n tweeledige vertolking vatbaar is nie. Wat die Afrikaanse teks betref, is dit heel duidelik dat die woorde "of al die bates" toutologies in hierdie subartikel ingevoeg is. Die woorde "enige van die bates" sluit vanselfsprekend "al die bates" van 'n maatskappy ook in. Daar kan met vertroue aanvaar word dat indien die wetgewer 'n onderskeid tussen 'n spesiale verband op grond en die verhipotekering van roerende goed wou tref, hy nooit die sleutelwoorde so sou geformuleer het nie. In die omstandighede is dit streng gesproke onnodig om kommentaar te lewer oor artikels in die Wet wat na bewering hierdie benadering steun. Wat (ii) hierbo betref, kan verder genoem word dat daar in die bepalings van die Wet, waarna mnr

Maritz ons verwys het, geen regverdiging vir daardie stelling te vinde is nie. Mnr Maritz kon ons nie op enige bepaling in die Wet wys wat 'n hipoteek oor roerende goed van die Maatskappy ten gunste van die Bank verbied nie. Inteendeel beoog a 25(a)(ii), b v, 'n voorskot "teen sekuriteit van effekte deur die Republiekregering uitgereik". Dit is 'n verwysing na roerende goed wat as sekuriteit deur 'n maatskappy aangebied mag word.

My slotsom is bygevolg dat die duidelike bewoording van a 63(1) van die Wet die bevel van die hof a quo ten volle regverdig.

Ek ag dit nodig om 'n naskrif by te voeg. In Land- en Landboubank van Suid-Afrika v Cogmanskloof Besproeiingsraad (supra) 244A het my Kollega E M Grosskopf daarop gewys dat die Wet sleg opgestel is. Ek kan maar net hierdie opmerking beaam en benadruk. In

die lig van onduidelikhede en oënskynlike teenstrydighede wat in sekere bepalinge van a 63 (asook in ander artikels van die Wet wat by oorweging van die onderhawige appèl ter sprake gekom het) voorkom; in die lig verder van verskeie verskille tussen die Engelse en Afrikaanse weergawes; en van voorskrifte wat oorbodig geword het omdat die Koöperasiewet nr 91 van 1981 weggedoen het met die onderskeid tussen koöperatiewe verenigings en koöperatiewe maatskappye; sal almal wat deur die Wet geraak word daarby baat indien die Wetgewer dit in sy geheel sonder onnodige vertraging hersien.

Die appèl word van die hand gewys met koste, wat die koste van twee advokate insluit.

M E Kumleben

M E KUMLEBEN
APPÈLREGTER

HOEXTER	AR)	
F H GROSSKOPF	AR)	
VAN DEN HEEVER	AR)	- Stem saam
VAN COLLER	WnAR)	